

Kennis en geloofsgroei (2 Pet 1:1-11).	Kennis en die Woord van God (2 Pet 1:12-21)	Kennis en dwaalleer (2 Pet 2:1-22).	Kennis en die wederkoms van Christus (2 Pet 3:1-18).
Geskrif deur Petrus of uit Rome, ongeveer 64-66nC.			

Dag	Lees
Ma	II Pet 1
Di	II Pet 2
Wo	II Pet 3
Do	Ps 119:1-48
Vry	Ps 119:49-96
Sat	Ps 119:97-144
Son	Ps 119:145-176

Die sleutelwoord van die sendbrief is “kennis” en kom twaalf keer in die kort boek voor (1:2,3,5,6,8,16,20; 2:20,21;3:3,17,18). Die kennis van die waarheid is die sleutel tot die bestryding van dwalleer. Die leer van die Woord van God moet suiwer gehou word en as maatstaf dien vir hoe die Christen moet lewe.

9Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie (II Pet 3:9)

God het vir jou geestelike behoeftes voorsiening gemaak (1:3). Omdat jy alles van Hom ontvang het wat jy nodig het (1:3-4) moet jou geloof groei. Jy moet daarom met ywer en vrug Jesus Christus beter leer ken (1:8). Uiteindelik lei dit tot ‘n feestelike toegang tot die ewige koninkryk (1:15,16).

Die Woord van God het deur die Heilige Gees voortgekom. Dit het gesag, want dit is van Goddelike oorsprong. Dit het gesag, want dit is van Goddelike oorsprong: *Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig. (2 Pet 1:20,21).*

Dwaalleeraars se weg sal lei tot die verderf (2:1). luister na die dringende waarskuwing: *Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin. (2:20).*

God sal deur die wederkoms van Christus sy naam en sy doel gestand doen. Die dag van die Here sal ‘n dag van oordeel wees vir die wat met die wederkoms die spot dryf. Dit is slegs weens God se geduld en God se begeerte dat niemand verlore sal gaan nie, dat die oordeelsdag nog nie gekom het nie.

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Geloofsgroei (II Petrus 1:1-11).

Sy krag het ons alles gegee om te wen.
Dié gawes kom deurdat ons Hom ken.
Daardeur kan ons die verderf ontvlug
en kry ons die Goddelike natuur terug. (II Pet 1:3,4)

Daarom, werp alles in die stryd
om jou geloof te verryk met deugsaamheid.
Ook met kennis en selfbeersing,
dan selfbeheersing met volharding
en volharding met godsvrug.
daarna bring dit dan liefde terug. (II Pet 1:5-7)

As julle dit alles besit en dit word meer,
sal julle met ywer en vrug van Jesus leer.
Iemand wat dit nie sy eie maak is kort van sig:
Hy vergeet dat hy van sonde gereinig is... (II Pet 1:8-9)

Probeer daarom met jou lewe bewys:
God het jou verkies en geroep na Sy huis
waar jy feestelike toegang sal kry
en in Christus se koninkryk sal bly. (II Pet 1:10-11)

Pasop vir dwaalleer – Hy kom weer! (II Pet 2 en 3)

Pasop vir die vals profeet,
wat maak asof hulle alles weet.
Hulle bring verderflike dwaalleer
en so verloën hulle die Heer (II Pet 2:1)

Die Here weet om dié wat Hom dien
Met hul beporoewings deur te sien,
maar die oordeelsdag se kaf
is die goddeloses se straf. (II Pet 2:9)

Hulle verlustig hulle om partytjie te hou.
Hulle praat lasterlik en is ontrou.
As jy saam met hulle begin eet,
gaan hulle jou verlei, moet jy weet! (II pet 2:12-14,18,19)

In die laaste dae sal mense verskyn
en hulle sal spottend sê van Hom:
Hy sal nie weer hierheen kom,
ons voorgeslagte het dan al verdwyn... (II Pet 3:4)

God het deur Sy woord die water laat ontstaan
en deur water het hy dit ook laat vergaan.
Maar die hemel en aarde is bestem vir vuur,
vir die goddelose in die oordeelsuur. (II Pet 3:5-7)

Een dag is vir My soos duisend jaar,
en duisend is weer vir My vinnig klaar.
Ek stel nie My belofte uit,
ek gee jou geduldig nog bietjie tyd! (II Pet 3:8-9)

Die Here sal kom soos 'n dief in die nag:
Leef asof jy Hom enige oomblik verwag. (II Pet 3:11-13)
Beskou die geduld wat die Here met jou het,
as sy geleentheid om ook jou te red! (II Pet 3:15)